



# Taalplan

## van die Universiteit Stellenbosch

**2002 US Taalplan met inkorporering van US Raadsbesluite van**

**16 November 2007**

**12 Desember 2008**

**30 November 2009**

**14 Junie 2010**

**13 September 2010**

**22 November 2014**

### Kern van die Taalplan

Die Taalplan gee uitvoering aan die bepalings van die Taalbeleid, met as fokus die hantering van onderrig- en leertaalspesifikasies, die taal van bestuur en administrasie, en die taalsteun wat nodig is vir die suksesvolle uitvoering van die Taalbeleid en Taalplan. In die Taalplan staan die meertalige benadering sentraal, huis om daardeur groter toeganklikheid, inklusiwiteit en studentesukses te bewerkstellig. Dit hou sodoende rekening met die Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018 en die strategiese prioriteite wat daarin gestel word.

In die lig van bg. word die volgende voorkeurmodel gevolg wat betref die onderrig- en leertaalspesifikasies (kyk Bylae A vir 'n diagrammatiese voorstelling). Vir die eerste twee voorgraadse studiejare word voorkeur gegee aan drie taalspesifikasies: (i) parallelmediumonderrig, (ii) onderrig in Afrikaans met tolking na Engels, of (iii) onderrig in Engels met tolking na Afrikaans. Vanaf die derde voorgraadse studiejaar kan nog drie taalspesifikasies daarby gebruik word, nl. (iv) dubbelmediumonderrig (ewewigtige gebruik van Afrikaans en Engels in dieselfde klaskamer), (v) Engels in daardie gevalle waar die dosent nie akademies vaardig is in Afrikaans nie, of (vi) Afrikaans waar die bronne nog nie beskikbaar is om die module meertalig aan te bied nie.

Aanvullende taalondersteuning word voorsien aan personeel en studente wat nie voldoende akademies taalvaardig in een van die tale is nie. So byvoorbeeld kan, met die nodige motivering, wel van spesifikasies (iv), (v) en (vi) in die eerste twee voorgraadse studiejare se voorlesings gebruik gemaak word, mits aangetoon word hoe studente wat nie oor voldoende Afrikaanse of Engelse taalvaardighede beskik nie ondersteun sal word om die volle inhoud van die voorlesings te benut.

Dosente word aangemoedig om in hulle beste akademiese taal (Afrikaans of Engels) voorlesings aan te bied, met dien verstande dat dosente altyd die bevordering van meertaligheid by die instansie en by die studente in ag sal neem. In daardie gevalle waar hulle eentalig is, word hulle op konstruktiewe wyse aangemoedig om mettertyd minstens luister- en leesvaardigheid in die ander taal te ontwikkel.

Afrikaans en Engels word op oordeelkundige wyse aangewend as die interne institusionele tale van die Universiteit. Kernbelangrike dokumente sal byvoorbeeld in Afrikaans en Engels

beskikbaar wees, of dokumente in slegs een taal sal minstens 'n bestuursopsomming in die ander taal bevat. By kernbelangrike vergaderings (bv. die US Raad en Senaat) sal, sover haalbaar, intydse tolking voorsien word. IsiXhosa word ook as institusionele taal aangewend na gelang van omstandighede.

Verskillende vorme van taalsteun word voorsien vir die suksesvolle uitvoering van die Taalbeleid en Taalplan in alle omgewings van die Universiteit.

## **1. Inleiding**

Die Taalplan is die operasionalisering van die Taalbeleid in verskillende taalgebruikskontekste aan die Universiteit en moet die volgende ideaal van die Taalbeleid help verseker: dat 'n gunstige leer- en onderrigomgewing geskep word waarbinne die beskerming en bevordering van Afrikaans en die benutting van Engels as akademiese tale, asook die ontwikkeling van meertaligheid as 'n bate, die nodige aandag kan kry.

In die Plan word daar aandag bestee aan

- Afrikaans en Engels in leer- en onderrigkontekste
- die implementering van die Taalbeleid binne leer- en onderrigkontekste
- die beskerming en bevordering van Afrikaans as akademiese taal binne 'n meertalige konteks
- die bevordering van isiXhosa as Afrikataal
- die implementering van die Taalbeleid in die administratiewe en bestuurskonteks
- die bestuurstrukture verantwoordelik vir die Taalbeleid en -plan
- die rol van die Taalsentrum
- die vestiging van 'n effektiewe taaldiensomgewing.

## **2. Afrikaans en Engels in leer- en onderrigkontekste**

Die voorgraadse onderrigtale van die US is Afrikaans en Engels. Met hierdie bepaling word die Universiteit se verbintenis tot die voortgesette gebruik, beskerming en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal bevestig, maar met inagneming van die streefe na die bevordering van meertaligheid. Die Universiteit erken die belang van Engels as internasionale akademiese taal, as taal van leer en onderrig vir studente uit verskillende taalgemeenskappe en die beoefening van die US se kennisfunksies in 'n internasionale konteks. Verder word daar in die besondere taalspesifikasies sowel voor- as nagraads vir Afrikaans voorsiening gemaak. Met die gebruik van Afrikaans in al hierdie leer- en onderrigkontekste wil die Universiteit alle studente en dosente bemagtig, beide dié wat Afrikaans en dié wat Engels as huistaal en/of voorkeurtaal vir studie aanwend. Die Universiteit skep verder die geleenthede om ook isiXhosa te gebruik en te bevorder as akademiese taal (kyk ook Afdeling 5).

Ten opsigte van die gebruik van taal, besonderlik Afrikaans, hoef daar tussen voor- en nagraadse leer en onderrig geen diskontinuïteit te wees nie. Nietemin, oorwegings soos die volgende beïnvloed die vryer taalspesifikasie van nagraadse leer en onderrig:

- die teenwoordigheid in honneurs- en gedoseerde M-programme van dosente en studente met geen of min akademiese taalvaardigheid in Afrikaans;
- die verskerpte voorbereiding van honneurs- en M-studente om sowel mondeling as skriftelik aan die internasionale diskussie in die besondere vak deel te neem;
- die mate van modulêre leer en onderrig wat in die nagraadse programme gebruik word;
- die teenwoordigheid van groter getalle internasionale studente; en

- professionele behoeftes en vereistes.

### **3. Taalspesifikasies vir modules**

#### **3.1 ’n Indeling van taalspesifikasies**

Die taalspesifikasies word georden op grond van ’n voorkeurmodel van taalopsies (A = Afrikaans; E = Engels; T = Tweetalig, in ’n meer beperkte vorm ook dubbelmedium genoem; A+E = Afrikaans en Engels in afsonderlike klasgroepe, soms ook parallelmedium genoem; en i = intydse tolking).

Ter wille van die toeganklikheid van die Universiteit vir studente uit verskillende taalgemeenskappe gebruik die Universiteit intydse opvoedkundige tolking. Tolking moet gesien word as ’n aanvullende aflewermodus wat op sinvolle wyse aangewend kan word saam met die ander taalspesifikasies of modusse ter bevordering van meertaligheid en studente se verstaan van die lesingsaanbod.

(a) Voograadse taalspesifikasies wat as voorkeuropersies geag word:

- A+E Gebruik van Afrikaans en Engels vir afsonderlike klasgroepe in ’n bepaalde module
- A+i Gebruik van Afrikaans as voorlesingtaal in ’n bepaalde module, maar met intydse opvoedkundige tolking na Engels vir elke studentegroep in die module
- E+i Gebruik van Engels as voorlesingtaal in ’n bepaalde module, maar met intydse opvoedkundige tolking na Afrikaans vir elke studentegroep in die module

(b) Voograadse taalspesifikasies wat aangewend kan word met verdere verduidelikings en ondernemings:

- T Ewewigtige gebruik van Afrikaans en Engels as voorlesingtale in ’n bepaalde module vir dieselfde klasgroep.
- A Gebruik van Afrikaans as voorlesingtaal in ’n bepaalde module
- E Gebruik van Engels as voorlesingtaal in ’n bepaalde module

Vir bestaande drie taalopsies by (b) moet ’n omgewing aandui (i) waarom een van die voorkeuropersies nie haalbaar is nie en (ii) watter ondersteuning die omgewing aan studente wat in een van die twee tale nie voldoende akademies geletterd is nie, sal gee.

Die kenmerke van die verskillende spesifikasies word in Bylae B in tabelformaat opgesom.

Taalspesifikasies word op modulevlak gedoen, sowel voor- as nagraads.

Die volgende items is standaard vir alle voograadse modules se taalspesifikasies:

- (a) Moduleraamwerke en studiegidse: Afrikaans en Engels
- (b) Toets- en eksamenvraestelle: Afrikaans en Engels op een vraestel
- (c) Skriftelike opdragte vir tutoriale, seminare en praktika: Afrikaans en/of Engels op een opdragstuk, met die voorbehoud dat die student die opdrag moet kan verstaan, en dat die nodige steun in gevalle waar onduidelikheid by die student bestaan, teenwoordig is.

- (d) Skriftelike antwoordstelle deur studente vir eksamens, toetse en werkopdragte, of voordragte vir mondelinge assessorings: Afrikaans of Engels
- (e) Mondelinge aanbiedings deur studente (in lesings, seminare, tutoriale en praktika): Afrikaans of Engels

### **3.2 Die taalspesifikasies wat as voorkeurtaalspesifikasies beskou word**

#### **3.2.1 Die A+E-taalspesifikasie**

Die A+E-taalspesifikasie word aangewend in afsonderlike klasgroep se lesingsreeks, wat in onderskeidelik Afrikaans en Engels aangebied word.

- (a) Voorlesingtaal: Afrikaans in die Afrikaanse klasgroep en Engels in die Engelse klasgroep
- (b) Tolking: Geen
- (c) Beantwoording van studentevrae in ander taal: Afrikaans en Engels volgens die taal van die studente in die klasgroep
- (d) Onderrigassistente (waar beskikbaar): Afrikaans in die Afrikaanse klasgroep en Engels in die Engelse klasgroep
- (e) Handboeke en verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifte en ander boeke): Engels en Afrikaans, indien ook in Afrikaans beskikbaar
- (f) Assesseerbare onderrigmateriaal deur dosent opgestel: Afrikaans vir die Afrikaanse klasgroep en Engels vir die Engelse klasgroep
- (g) Transparante en dataprojeksie-inhoude: Afrikaans vir die Afrikaanse klasgroep en Engels vir die Engelse klasgroep

#### **3.2.2 Die A+i-taalspesifikasie**

Die A+i-taalspesifikasie kan aangewend word in een lesingsreeks vir een klasgroep van studente wat voldoende vaardig is in akademiese Afrikaans of Engels.

- (a) Voorlesingtaal: Afrikaans
- (b) Tolking: Na Engels
- (c) Beantwoording van studentevrae in ander taal: Afrikaans en verkiekslik ook Engels
- (d) Onderrigassistente (waar beskikbaar): Afrikaans en verkiekslik ook Engels
- (e) Handboeke en verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifte en ander boeke): Engels en Afrikaans, indien ook in Afrikaans beskikbaar
- (f) Assesseerbare onderrigmateriaal, transparante en dataprojeksie-inhoude deur dosent opgestel: Afrikaans en/of Engels, met die voorbehoud dat die student die onderrigmateriaal kan verstaan, en dat die nodige steun in gevalle waar onduidelikheid by die student bestaan, teenwoordig is.
- (g) Opskorting van tolking: Indien vir drie agtereenvolgende lesings op verskillende dae geen student in 'n betrokke klas van tolking gebruik maak nie, die dosent studente versoek om binne drie klasdae daarna skriftelik aan te dui of hulle hoegenaamd tolking wil laat voortgaan.

#### **3.2.3 Die E+i-taalspesifikasie**

Die E+i-taalspesifikasie kan aangewend word in een lesingsreeks vir een klasgroep, met studente wat voldoende vaardig is in akademiese Afrikaans of Engels.

- (a) Voorlesingtaal: Engels
- (b) Tolking: Na Afrikaans
- (c) Beantwoording van studentevrae in ander taal: Engels en verkieslik ook Afrikaans
- (d) Onderrigassisteente (waar beskikbaar): Engels en verkieslik ook Afrikaans
- (e) Handboeke en verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifte en ander boeke): Engels en Afrikaans, indien ook in Afrikaans beskikbaar
- (f) Assesseerbare onderigmateriaal, transparante en dataprojeksie-inhoude deur dosent opgestel: Afrikaans en/of Engels, met die voorbehoud dat die student die onderrigmateriaal kan verstaan, en dat die nodige steun in gevalle waar onduidelikhed by die student bestaan, teenwoordig is.
- (g) Opskorting van tolking: Indien vir drie agtereenvolgende lesings op verskillende dae geen student in 'n betrokke klas van tolking gebruik maak nie, die dosent studeente versoek om binne drie klasdae daarna skriftelik aan te duif of hulle hoegenaamd tolking wil laat voortgaan.

### **3.3 Taalspesifikasies wat met verdere verduidelikings en ondernemings aangewend kan word**

Die besondere taalspesifikasies word ooreenkomstig bepaalde riglyne gebruik.

#### **3.3.1 Die T-taalspesifikasie**

Die T-taalspesifikasie hou in dat, saam met Afrikaans, Engels meer uitgebreid in een lesingsreeks vir een klasgroep gebruik word in bepaalde leer- en onderrigkontekste. Dié taalspesifikasie veronderstel 'n bepaalde minimum vaardigheid in beide hierdie twee tale en word aangewend ter bevordering van die Universiteit se siening van die belang van meertaligheid. Dit ontgin veral die bewese voordele van twee- of meertalige onderrig, maar dit hou ook rekening met studeente se voorbereidheid om so 'n lesingmodus suksesvol te benut. Dit is daarom veral geskik in die senior studiejare wanneer studeente se vaardigheid in die twee tale reeds sterker ontwikkel is. Waar die T-taalspesifikasie aangewend word, moet daar verseker word dat tersaaklike ondersteuningsmeganismes in plek is om die effektiewe aanwending van die spesifikasie te verseker.

- (a) Voorlesingtaal: Ewewigtig Afrikaans en Engels aan een klasgroep, met die Afrikaanse aanbod minstens 50%
- (b) Tolking: Geen
- (c) Beantwoording van studentevrae in ander taal: Afrikaans of Engels
- (d) Onderrigassisteente (waar beskikbaar): In Afrikaans en Engels beskikbaar
- (e) Handboeke en verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifte en ander boeke): Engels en Afrikaans, indien ook in Afrikaans beskikbaar
- (f) Assesseerbare onderigmateriaal deur dosent opgestel: Afrikaans of Engels, maar verkieslik beide tale
- (g) Transparante en dataprojeksie-inhoude: Ewewigtig Afrikaans en Engels.

#### **3.3.2 Die A-taalspesifikasie (sonder tolking)**

Die A-taalspesifikasie kan aangewend word in een lesingsreeks vir een klasgroep, met studeente wat voldoende vaardig is in akademiese Afrikaans.

- (a) Voorlesingtaal: Afrikaans
- (b) Tolking: Geen
- (c) Beantwoording van studentevrae in ander taal: Afrikaans en verkieslik ook Engels

- (d) Onderrigassistente (waar beskikbaar): Afrikaans en verkieslik ook Engels
- (e) Handboeke en verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifte en ander boeke): Engels en Afrikaans, indien ook in Afrikaans beskikbaar
- (f) Assesseerbare onderrigmateriaal deur dosent opgestel: Afrikaans en verkieslik ook Engels
- (g) Transparante en dataprojeksie-inhoude: Afrikaans en verkieslik ook Engels.

### **3.3.3 Die E-taalspesifikasie (sonder tolking)**

Die E-taalspesifikasie kan aangewend word in een lesingsreeks vir een klasgroep, met studente wat voldoende vaardig is in akademiese Engels.

- (a) Voorlesingtaal: Engels
- (b) Tolking: Geen
- (c) Beantwoording van studentevrae in ander taal: Engels en verkieslik ook Afrikaans
- (d) Onderrigassistente (waar beskikbaar): Engels en verkieslik ook Afrikaans
- (e) Handboeke en verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifte en ander boeke): Engels en Afrikaans, indien ook in Afrikaans beskikbaar
- (f) Assesseerbare onderrigmateriaal deur dosent opgestel: Engels en verkieslik ook Afrikaans
- (g) Transparante en dataprojeksie-inhoude: Engels en verkieslik ook Afrikaans.

### **3.4 Ondersteuning met akademiese taalvaardigheid**

Ondersteuning met die bemeesterung van akademiese taalvaardigheid in Afrikaans en Engels word voorsien na gelang van die taalspesifikasie. Hierdie ondersteuning neem die behoeftes van studente in ag, soos onder andere bepaal deur middel van akademiese geletterdheidstoetse wat deur alle voornemende nuweling-eerstejaarstudente afgelê word. Die hulp kan op verskeie wyses aan studente verskaf word, bv. (i) in departemente deur onderrigassistente, tutors en mentors, (ii) by wyse van intensiewe taalvaardigheidskursusse of (iii) ander vorme van ondersteuning wat deur die Taalsentrum aangebied word (kyk Afdeling 10).

## **4. Afrikaans as akademiese taal**

In die volgehoue gebruik, beskerming en voortgesette ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal, gaan dit oor terreine soos die onderstaande.

### **4.1 Voorgraadse leer en onderrig**

Die Universiteit wend Afrikaans in voorgraadse leer en onderrig aan omdat Afrikaans 'n belangrike leer- en onderrigtaal vir vele studente is. Afrikaans word verder bestendig deur aan dosente wat so verkie se die geleentheid te bied om in Afrikaans te doseer. Deur die innoverende aanwending van verskillende aflewermodusse en deur gepaste taalsteun, word gestreef na die volle deelname van nie-Afrikaanstalige personeel en studente aan die Universiteit se voorgraadse leer- en onderrigaanbod.

### **4.2 Nagraadse leer, onderrig en navorsing**

Afrikaans word aan die Universiteit wyd gebruik in die hele navorsingsproses, van leer en onderrig binne klasverband, tot individuele gesprekke tussen dosente en studente. Ter wille van die bevordering van akademiese Afrikaans moet studente nie ontmoedig word om hulle

tesisse en proefskrifte in Afrikaans te skryf nie. Studente wat verkieς om hulle assessoringsprodukte in Afrikaans te skryf, behou die reg daar toe.

#### **4.3 Navorsingspublikasies**

Personeel en studente moet aangemoedig word om, waar doenlik, hulle navorsingspublikasies in Afrikaans te publiseer in geakkrediteerde Afrikaanse tydskrifte, annalereekse, huisvaktydskrifte van akademiese liggame, ens.

#### **4.4 Openbare voorlesings**

Die Universiteit beskerm en bevorder ook Afrikaans deur openbare voorlesings wat volledig of gedeeltelik in Afrikaans aangebied word.

#### **4.5 Populêre wetenskap**

Die Universiteit Stellenbosch verwelkom bydraes in Afrikaans ter bevordering van die populêre wetenskap, veral deur die gedrukte en elektroniese nuusmedia.

### **5. Die bevordering van isiXhosa as Afrikataal**

Die Universiteit aanvaar die verantwoordelikheid om ook die Afrikatale as wetenskapstale en tale van omgang te bevorder. Vir dié doel plaas die US die fokus veral op die bevordering van isiXhosa as belangrike Afrikataal in die omgewing waar die Universiteit funksioneer. Dit geskied deur die aanbieding van modules in programme en kortkursusse, asook deur die ontwikkeling van drietalige vakterminologieë in verskillende vakgebiede.

Vir die wetenskap in Afrikaans en vir die bevordering van isiXhosa as wetenskapstaal en taal van die onderwys is die skep en publiseer van hierdie terminologieë uiters waardevol. Die terminologieë word ook vir die effektiewe en akkurate aanwending van intydse opvoedkundige tolkdienste gebruik.

### **6. Die Taalplan vir administrasie en bestuur**

#### **6.1 Uitgangspunte**

Hierdie deel van die Taalplan gaan oor skriftelike en mondelinge kommunikasie **buite** die leer-, onderrig- en navorsingsaktiwiteite van die Universiteit.

- (a) Die institusionele tale van die Universiteit is Afrikaans en Engels. Dit beteken dat alle amptelike dokumente, in welke medium ook al, minstens in Afrikaans beskikbaar is maar verkiekslik ook in Engels. Dit beteken verder dat Afrikaans normaalweg die taal van amptelike geleenthede soos amptelike vergaderings, seremoniële geleenthede, intreeredes, en dergelike is. Engels word saam met Afrikaans op oordeelkundige wyse aangewend by hierdie geleenthede.
- (b) Die gees van die Universiteit se Taalbeleid en -plan bepaal egter ook dat die voorkeure van studente en personeel uit verskillende taalgemeenskappe begryp en gerespekteer moet word, en daarom word Engels op sinvolle wyse aangewend om effektiewe kommunikasie en toeganklikheid te verseker. Verder word isiXhosa na gelang van omstandighede ook aangewend om meertaligheid te bevorder.
- (c) Die Universiteit Stellenbosch respekteer die Taalbeleid en/of die taalvoorkeure van haar vennote. Dit beteken dat die amptelike kommunikasie en dokumentasie met hierdie vennote (dit sluit amptelike vergaderings in) normaalweg in die voorkeurtaal

van die vennoot gevoer sal word, of dat die nodige dienste (bv. vertaal- en tolkdienste) in werking gestel sal word wat taalvoorkleur in ag neem. Waar die Universiteit nie die kapasiteit het om aan 'n voorkeurtaal uitvoering te gee nie, sal Engels die voertaal wees.

- (d) Belangrike beleids- en besprekingsdokumente word waar nodig en waar doenlik ook in Engels beskikbaar gestel.
- (e) Dokumente oor diensvoorwaardes is beskikbaar in Afrikaans, Engels, en isiXhosa volgens behoeftte van personeel.
- (f) Skriftelike kommunikasie in departemente en afdelings (agendas, inligtingstukke) verskyn in Afrikaans en waar nodig, o.g.v. die taalbehoefte van lezers, ook in Engels.
- (g) Binne omgewings wat deurlopend met die publiek en studente kommunikeer, verseker die Universiteit dat daar genoegsame personeellede is wat gemaklik ook in Engels en in isiXhosa kan kommunikeer.
- (h) Om uitvoering aan bogenoemde te gee moet gepaste en voldoende vertaal-, redigeer- en (waar doenlik) tolkdienste beskikbaar gestel word.

## **6.2 Kommunikasie met studente**

### **6.2.1 Skriftelike kommunikasie**

- (a) Die taal van werwing is Afrikaans en Engels, en in sekere gevalle isiXhosa.
- (b) Amptelike dokumentasie aan studente vanaf die Universiteitsadministrasie is in Afrikaans of Engels na gelang van die voorkeurtaal.

### **6.2.2 Mondelinge kommunikasie**

Navrae en versoek van studente word, waar doenlik, in die taal van die navraag of versoek hanteer.

## **6.3 Kommunikasie met die publiek**

- (a) Beide skriftelike en mondelinge kommunikasie word, waar doenlik, gevoer in die voorkeurtaal van die kliënt.
- (b) Die bewoording van mondelinge en skriftelike kommunikasie met die publiek het dit ten doel om die Universiteit se verbintenis tot meertaligheid te bevestig. Daarom geskied hierdie kommunikasie in Afrikaans en Engels, en waar doenlik ook in isiXhosa.

## **6.4 Interne kommunikasie**

Afrikaans, en in baie gevallen ook Engels, is die interne kommunikasietale van die Universiteit, maar in besondere gevallen word isiXhosa ook aangewend om effektiewe kommunikasie te verseker.

### **6.4.1 Skriftelike kommunikasie**

- (a) Beleidsdokumente is in Afrikaans en in Engels beskikbaar.
- (b) Dokumente oor diensvoorwaardes is beskikbaar in Afrikaans, Engels en isiXhosa, volgens behoeftte van personeel.

- (c) Die Raad, Senaat, fakulteite, departemente, afdelings en ander institusionele eenhede van die Universiteit lê riglyne neer oor taalgebruik in dokumente van die betrokke omgewings.

#### **6.4.2 Mondelinge kommunikasie**

- (a) Navrae en versoek van personeel en studente word, waar moontlik, in die taal van die navraag of versoek hanteer.
- (b) Die tale van kommunikasie by interne vergaderings is normaalweg Afrikaans en Engels. Die praktiese omstandighede wat dikwels vir hierdie (veral kleiner) vergaderings geld, bepaal die kommunikasietaal van die vergaderings.
- (c) In belangrike vergaderings van die Universiteit (bv. Raads-, Senaats- en fakulteitsvergaderings) word, waar doenlik, van intydse konferensietolking gebruik gemaak.

#### **6.5 Taalbeleid en korporatiewe beeld**

Die korporatiewe beeld van die Universiteit weerspieël die letter en die gees van die Taalbeleid. Die Afdeling Kommunikasie en Skakeling bepaal in oorleg met die Bestuur welke maatreëls in hierdie verband getref moet word.

Die Universiteit se webwerf: Die formulering van inligting op die webwerf word gedoen ooreenkomsdig die letter en die gees van die Universiteit se Taalbeleid en -plan. Die landingswebbladsye van alle US-omgewings (korporatiewe entiteite, steudienste, fakulteite en dienssentra) moet webbladbesoekers onmiddellik in Afrikaans, Engels en verkieslik ook isiXhosa die opsie bied om die volgende stel hoëvlak webbladsye ten minste in Afrikaans of Engels te lees. Daardie eerste inhoudelike vlak van webbladsye wat besoekers teëkom moet dus volledig in ten minste Afrikaans en Engels beskikbaar wees. Verdere vlakke van US webblaai moet verkieslik in beide Afrikaans en Engels beskikbaar wees. Waar doenlik moet webbladsye ook in isiXhosa aangebied word.

Seremoniële en openbare geleenthede: Dit is, gegee die gees en die letter van die Taalbeleid en -plan, belangrik dat daar bv. tydens gradeplegtighede, naas Afrikaans, ook van Engels en/of isiXhosa gebruik gemaak word. Universiteitsamptenare, wat meer as een Suid-Afrikaanse taal magtig is, moet dus in hul openbare optredes die meertalige uitgangspunt van die Universiteit uitleef, maar met respek vir die gehoor se verskeidenheid van taalvoorkoue en reseptiewe taalvaardighede.

### **7. Taaldienste**

Die suksesvolle implementering van die Taalbeleid en -plan is onderhewig aan die vestiging van uitgebreide taaldienste in die akademiese en administratiewe omgewings. Hierdie taaldienste sluit vertaal-, redigeer- en tolkdienste in.

Die Universiteit aanvaar die verantwoordelikheid om hierdie dienste in oorleg met die tersaaklike rolspelers te vestig.

### **8. Taalbeplanning in omgewings**

Elke omgewing binne die Universiteit (fakulteite en steudienomgewings) formuleer 'n taalimplementeringsplan vir die betrokke omgewing wat aandui op welke wyse die Taalplan van die Universiteit in die omgewing geïmplementeer sal word. Hierdie

taalimplementeringsplanne vorm deel van die omgewingsplanne van fakulteite of steunafdelings en word aan die Bestuur voorgelê vir bespreking en goedkeuring. Monitering van die implementering sal geskied volgens normale bestuurstrukture en gehalteversekeringsmeganismes.

Verdere ondersoeke na en inbring van die innoverende gebruik van taaltegnologie om meertaligheid te bevorder, word aangemoedig.

## **9. Die Bestuur van die Taalbeleid en Taalplan**

### **9.1 Finale verantwoordelikheid**

Die finale verantwoordelikheid vir die uitvoering van die Taalplan berus by die Bestuur van die Universiteit. Die Bestuur sal een maal per jaar ten opsigte van die implementering van die Taalbeleid en Taalplan aan die Senaat en die Raad verslag doen.

### **9.2 Bestuur van die Taalbeleid en Taalplan**

#### **9.2.1 Institusionele Taalbeplanning-bestuursmodel**

Die Taalbeleid en -plan van die Universiteit word op grond van 'n *Institusionele Taalbeplanning-bestuursmodel* bestuur, soos uiteengesit in Bylae C. In hierdie model word die verskillende bestuurstrukture en prosesse beskryf.

#### **9.2.2 Prosedures vir die keuse en wysiging van taalspesifikasies**

Die besluitneming oor die keuses van taalspesifikasies word as deel van die jaarlikse proses van Jaarboekwysigings gehanteer, en volg die roete van die fakulteite se programkomitees, onderrigkomitees (ook soms bekend as akademiese aanbodkomitees), die fakulteitsrade, die Programadvieskomitee (PAK), die Akademiese Beplanningskomitee (ABK), die Uitvoerende Komitee (Senaat), Senaat, en die Raad. Die besonderhede van hierdie procedures word in Bylae D beskryf.

### **9.3 Bestuur van die Taalbeleid vir steudienste**

Die bestuur van die Taalbeleid vir die steudienste is 'n lynfunksie van die onderskeie steudienstehoofde, met inagneming van die bestuurstrukture waarbinne hierdie hoofde moet funksioneer. Die steudiensteomgewings skep 'n eie struktuur (dit kan 'n eie taalkomitee wees) en hierdie liggaam maak, na oorleg met die steudienstehoofde en ander tersaaklike bestuurstrukture, aanbevelings oor steudienstetaalbeleid aan die Bestuur, ooreenkomsdig die *Institusionele Taalbeplanning-bestuursmodel* soos beskryf in Bylae C.

### **9.4 Hersiening van die Taalbeleid en die Taalplan**

Die Taalbeleid en die Taalplan word elke vyf jaar of korter, na gelang van noodsaaklike tussentydse aanpassings, in deeglike oorweging geneem vir moontlike hersiening. Wysigings aan die Taalbeleid en Taalplan wat akademiese aangeleenthede betref, word via die Senaat na die Raad gevoer.

### **9.5 Hantering van klagtes**

Studenteklagtes oor die implementering van die Taalbeleid en -plan word volgens die normale akademiese klagtelyne (dosente, modulevoorsitters, departementele voorsitters, die Akademiese Belangeraad, dekane), of in die geval van steudienste deur die lynbestuurder

hanteer. Indien bogenoemde meganismes uitgeput is, word klagtes hanteer ooreenkomstig die konflikbeslegtingsklousule van die Taalbeleid.

## 10. Die rol van die Taalsentrum

### 10.1 Die verantwoordelikheid van die Taalsentrum

Die Taalsentrum aanvaar die verantwoordelikheid vir die verskaffing en/of koördinering van die tersaaklike taalondersteuning wat vir die effektiewe uitvoering van die Taalbeleid en -plan vereis word. Die Taalsentrum speel dus 'n uitvoerende en ondersteunende rol en die Direkteur en personeel van die Taalsentrum tree daarom ook op as adviseurs vir die bestuur, fakulteite en steudienste.

### 10.2 Dienste


Die dienste wat die Taalsentrum lewer, sluit o.a. in taalverwerkingsmodules, die bevordering van akademiese taalvaardigheid, skryf- en leeslaboratoriumdienste, taaldienste en die uitbou van Afrikaans en isiXhosa as akademiese tale. Die Taalsentrum lewer die volgende besondere dienste:

- (a) Ondersteuning ten opsigte van die taalbeplanningsfunksie van die Universiteit
- (b) Die ontwikkeling van Afrikaanse en Engelse taalvaardighede van studente
- (c) Die ontwikkeling van Afrikaanse taalvaardighede van personeel wat nie Afrikaans as hulle huistaal het nie
- (d) Deelname aan die bevordering van Afrikaans as akademiese taal
- (e) Die ontwikkeling van taalvaardighede in isiXhosa as een van die amptelike tale in die Wes-Kaap
- (f) Die ontwikkeling van isiXhosa as ontluikende akademiese taal
- (g) Ondersteuning aan buitelandse studente wat betref taalvaardighede in Afrikaans, Engels en isiXhosa
- (h) Ondersteuning aan personeel wat betref die vestiging van vakgeïntegreerde taalvaardigheidsontwikkeling, ingesluit ondersteuning aan onderrigassistente, tutors en mentors
- (i) Opleiding in professionele taalvaardighede
- (j) Navorsing binne die konteks van die Navorsingsprogram: Taalontwikkeling en Taalbemagtiging
- (k) Taal- en teksvaardighede in die e-leeromgewing
- (l) Taaldienste, waaronder vertaling, redigering en tolking.

## 11. Slotperspektief

Die Taalplan is die instrument waarmee die letter en die gees van die Taalbeleid gerealiseer kan word. Die sukses van beide die Taalbeleid en -plan is afhanklik van die aanvaarding van eienaarskap deur die Universiteitsgemeenskap in die geheel, en die bevestiging van die beginsel dat die Taalbeleid en -plan deurlopend aandag verdien. Met hierdie twee beginsels as basis, ondersteun die Taalbeleid en -plan die Universiteit om 'n gunstige leer- en onderrigomgewing te skep, Afrikaans as akademiese taal te bevorder, en meertaligheid as 'n bate uit te bou.

## Bylae A: Voorgraadse Voorkeurlesingstaalopsies



## Bylae B

### Opsommende tabel van voorgraadse taalspesifikasies

Spesifikasies:	Voorkeuropsie			Aanwendbaar met verdere ondersteuning		
	A + E	A + i	E + i	T	A	E
Voorlesingstaal	A in A klasgroep; E in E klasgroep	A	E	Aan een klasgroep: ewewigtig A en E (met A minstens 50%)	A	E
Tolking	Geen	na E	na A	Geen	Geen	Geen
Beantwoording van studentevrae in ander taal	Verkieslik A en E	A + verkieslik ook E	E + verkieslik ook A	A of E	A + verkieslik ook E	E + verkieslik ook A
Onderrigassistentte (waar beskikbaar)	A in A klasgroep; E in E klasgroep	A + verkieslik ook E	E + verkieslik ook A	Assistente verkieslik beskikbaar in A en E	A + verkieslik ook E	E + verkieslik ook A
Handboeke en verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifte en ander boeke)	E + A (as beskikbaar in A)	E + A (as beskikbaar in A)	E + A (as beskikbaar in A)	E + A (as beskikbaar in A)	E + A (as beskikbaar in A)	E + A (as beskikbaar in A)
Assesseerbare onderrigmateriaal deur dosent opgestel	A vir A klasgroep; E vir E klasgroep	A en/of E	E + verkieslik ook A	A of E, maar verkieslik beide	A + verkieslik ook E	E + verkieslik ook A
Transparante & dataprojeksie-inhoude	A vir A klasgroep; E vir E klasgroep	A + verkieslik ook E	E + verkieslik ook A	Ewewigtig A en E	A + verkieslik ook E	E + verkieslik ook A
Moduleraamwerke & studiegidse	A + E	A + E	A + E	A + E	A + E	A + E
Toets- & eksamenvraestelle	A+E op een vraestel	A+E op een vraestel	A+E op een vraestel	A+E op een vraestel	A+E op een vraestel	A+E op een vraestel
Skriftelike opdragte vir tutoriale, seminaré en praktika	A en/of E op een opdragstuk	A en/of E op een opdragstuk	A en/of E op een opdragstuk	A en/of E op een opdragstuk	A en/of E op een opdragstuk	A en/of E op een opdragstuk
Skriftelike antwoordstelle vir eksamens, toetse en werkopdragte, of voordragte vir mondelinge assessorings	A of E	A of E	A of E	A of E	A of E	A of E
Mondelinge aanbiedings deur studente (in lesings, seminaré, tutoriale, praktika)	A of E	A of E	A of E	A of E	A of E	A of E

## **Bylae C**

### **Institutionele Taalbeplanning-bestuursmodel**

#### **Bestuurstrukture**

1. Die Viserekotor: Leer en Onderrig (VR: L&O) is die senior bestuurslid verantwoordelik vir taalbeplanning en -bestuur aan die US; die Viserekotor (VR) rapporteer via die Rektor se Bestuurspan (RBS) aan die Raad.
2. Die VR word geadviseer deur 'n Taalbeplannings- en bestuursprojekspan (TBB) oor sake soos deur die VR bepaal. Die TBB skakel namens die VR, soos en wanneer dit nodig is, met ander bestuursliggame, waaronder veral die Akademiese Beplanningskomitee (ABK) en die bestuursliggame en individue verantwoordelik vir die Universiteit se Jaarboek. Die TBB beskik oor 'n dagbestuur wat spoedeisende sake namens die TBB kan afhandel, soos ooreengekom.
3. Die Taalsentrum speel 'n uitvoerende en ondersteunende rol en die Direkteur van die Taalsentrum tree op as adviseur vir die VR, TBB, fakulteite en steudienste. Die Direkteur van die Taalsentrum is ook 'n lid van die TBB.
4. Fakulteite en steudienste rapporteer wat hulle taalbeplanning betref aan die VR, wat voorstelle kan verwys na die TBB vir die nodige advies. Hierdie rapportering geskied via die tersaaklike bestuurstrukture wat fakulteite en steudienste vir hierdie doel mag oprig.

#### **Taalbeplanningsprosesse**

1. Voorstelle rakende taalplanwysiging en versoek vir die finansiering van taalplanne geskied met verwysing na (a) die goedgekeurde taalplanne van fakulteite of steudienste, (b) rapportering oor vordering met die taalplanne, en (c) voorstelle rakende vernuwing van die taalplanne of vernuwendende projekte wat binne die konteks van die Universiteit se Taalbeleid en Taalplan en die taalplanne van die betrokke omgewings uitgevoer word.
2. Met die oog op taalplanindiening, verdere taalplanimplementering, aansoek om befondsing of enige ander vorm van taalbeplanning konsulteer fakulteite en steudienste eers die Direkteur en personeel van die Taalsentrum met die oog op die verkryging van die nodige advies en die finalisering van voorstelle.
3. Voorstelle vir taalplanindiening, verdere taalplanimplementering, aansoek om befondsing of enige ander vorm van taalbeplanning word daarna volgens die voorgeskrewe templaat aan die VR voorgelê. Die VR kan die voorstelle verwys na die Direkteur van die Taalsentrum om die voorstelle te verwerk en die haalbaarheid van die voorstelle te toets, waarna dit aan die TBB voorgelê word vir die nodige advies.
4. Die TBB integreer die voorstelle en berei aanbevelings voor vir voorlegging aan die VR. In die proses gee die TBB ook advies aan die ABK en daardie bestuursliggame of individue gemoeid met die voorbereiding van die Jaarboek. Die TBB kan ook via die VR terugvoer aan fakulteite gee waar nodig.
5. Na ontvangs van die aanbevelings van die TBB gee die VR die aanbevelings deur aan die RBS en die ABK, en die aanbevelings volg die normale roete(s) van goedkeuring deur die tersaaklike bestuursliggame, waaronder die Senaat en die Raad.
6. Meer besonderhede rondom die keuse en wysiging van voorgraadse taalspesifikasies is in Bylae D vervat.

## **Bylae D**

### **Prosesse vir die keuse en wysiging van voorgraadse taalspesifikasies**

Hierdie prosesse word uitgevoer met inagneming van die Institusionele Taalbeplanning-bestuursmodel, soos beskryf in Bylae C.

- (a) Die programkomitee vir elke akademiese program bestaande uit die verteenwoordigers van departemente wat aanbieders van modules in die program is, bespreek die keuses van taalspesifikasies. Aangesien die A+E-taalspesifikasies, A+i en E+i sonder motivering benut kan word, bespreek die programkomitees in die fakulteite slegs die besondere motiverings wat deur departemente verstrek word vir die besondere taalspesifikasies (naamlik die T-, A- en E-taalspesifikasies).
- (b) Die taalspesifikasies aangedui vir die modules in 'n program hoef nie oor modules en jaarvlakke heen identies te wees nie.
- (c) Vorms waarop die taalspesifikasies van modules aangedui word, sal aan programkomitees voorsien word.
- (d) Die taalspesifikasiekeuses vir modules soos aangedui deur die programkomitees in fakulteite word vir goedkeuring aan die onderrigkomitee in elke fakulteit voorgelê. Hierdie komitee moet onder andere verseker dat die motiverings vir die besondere taalspesifikasies in ooreenstemming is met die riglyne in die Universiteit se Taalplan en met die spesifieke fakulteit se goedgekeurde taalimplementeringsplan.
- (e) Die fakulteitsonderrigkomitee (of soortgelyke liggaam) kan, in oorleg met die programkomitees, gemotiveerde wysigings aan die taalspesifikasies aanbeveel.
- (f) Die taalspesifikasies van modules in programme word binne die raamwerk van die US se Taalbeleid en -plan en die fakulteite se goedgekeurde taalimplementeringsplanne deur die fakulteite se onderrigkomitees aan die Programadvieskomitee (PAK) voorgelê vir aanbeveling aan die Akademiese Beplanningskomitee (ABK).
- (g) Die PAK oorweeg gedurende die eerste semester die aanbevelings vir die wysiging van modules se taalspesifikasies saam met al die ander Jaarboekwysigings en berei aanbevelings aan die ABK voor.
- (h) Die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning (INB) bereken die implikasies van die wysigings wat die fakulteite en die PAK aanbeveel om seker te maak dat, indien al die wysigings goedgekeur sou word, die voorgraadse taalaanbod van die US as geheel steeds voldoen aan die vereiste wat die Raad (22 November 2014) gestel het. INB bereken ook jaarliks die persentasie Engels en Afrikaans-aanbod, sodat illustreer kan word hoe studente en doserende personeel se toeganklikheid tot die US sistematies verhoog en meertaligheid doelgerig uitgebou word.
- (i) Indien dit blyk dat die voorgestelde wysigings sal meebring dat die Raadsvereiste nie gehaal word nie, tree die Viserekotor: Leer en Onderrig (VR: L&O), soos nodig, met dekane in gesprek om aanpassings te versoek.
- (j) Die VR: L&O raadpleeg die Taalbeplannings- en Bestuursprojekspan (TBB) vir advies.
- (k) Die ABK oorweeg die PAK se aanbevelings tesame met die VR: L&O se verslag, maak aanbevelings aan die Senaat, en deel die aanbevelings aan die fakulteite mee.
- (l) Alle Jaarboekwysigings, ingeslote wysigings aan die taalspesifikasies van modules, dien via die rapporte van die fakulteitsrade by die Senaat (met aanduiding dat die ABK geraadpleeg is).

- (m) Die wysiging van taalspesifikasies van modules vir die US as geheel dien as 'n pakket via die ABK se aanbeveling by die Senaat.
- (n) Die Senaat beveel die wysigings aan die taalspesifikasies van modules aan vir goedkeuring deur die Raad.
- (o) Indien fakulteite veranderinge aan hulle taalimplementeringsplanne wil maak, moet dit jaarliks gedurende die tweede semester gedoen word (as deel van die voorbereiding van hulle omgewingsplanne vir die begrotingsproses) en vir goedkeuring aan die Bestuur voorgelê word, wat een maal per jaar aan die Raad hieroor verslag doen.
- (p) Die goedgekeurde gewysigde taalspesifikasies vir modules word in die Jaarboek aangedui.
- (q) Die taalspesifikasies vir modules kan met elke siklus van programwysiging gedurende die eerste semester van 'n akademiese jaar gewysig word.
- (r) Die volgende teks moet in die Algemene Jaarboek opgeneem word: "Dit is so dat die dosente wat vir bepaalde modules verantwoordelik is van jaar tot jaar kan wissel en dat bedankings, kraamverlof, studieverlof, navorsingsvergunning, ens. 'n bepalende rol speel in watter dosent vir watter spesifieke module in 'n bepaalde semester verantwoordelik is. In sulke uitsonderlike gevalle sal die finale taalspesifikasie vir 'n module aan die begin van 'n semester in die studiegids/modulegegewens gespesifiseer word, en kan dit verskil van die lys in die Jaarboek."